DIE GESKIEDENIS VAN DIE VOORTREKKERS

DIE GESKIEDENIS VAN DIE VOORTREKKERS

Doel

Sodat jy die aard van die beweging waarvan jy nou deel is, kan ken en verstaan waarom ons sekere dinge op 'n spesifieke manier doen

Uitkoms

Skep 'n geleentheid om die storie van die ontstaan en stigting van die Voortrekkers aan 'n nie-Voortrekker te vertel

Doenwenke

- Skryf die verhaal van die stigting van die Voortrekkers in jou eie woorde met die belangrike feite daarin ingesluit
- Vul 'n skoon tydlyn in sonder om na die inligting in die boek te kyk

Slaggate

- Om nie die feite in die regte volgorde te ken nie maak dit moeilik om aan iemand te verduidelik hoe Die Voortrekkers ontstaan het
- As jy nie die geskiedenis van Die Voortrekkers ken nie is dit moelik om te verstaan hoekom Die Voortrekkers werk soos dit doen

Geskiedenis vd Voortrekkers

- **1913** – Gedagte oor die stigting van Die Voortrekkers ontstaan by dr. C.F. Visser (Vader Visser)
- **1920-1923**
  - Voortrekkerkommando's word gestig
    - 1920 – Bloemfontein Hoërskool Sentraal
    - 1923 – Graaff Reinet en Nieuwoudtville
  - Onderhandelinge gevoer met Boy Scouts vir gemeenskaplike jeugbeweging
    - Onderhandelinge onsuksesvol weens verskille oor die vlag, belofte en taal
- **30 September 1931**
  - Stigting van die Voortrekkers
  - Eerste Hoofleier dr. N.J van der Merwe
  - Eerste Voortrekkers in Bloemfontein deur genl. J.B.M. Hertzog ingelyf
- **1938** – Voortrekkers neem deel aan landwye fakkellope en hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument
- **1940** – Dr. C.F. Visser - tweede Hoofleier
- **1949** – Inwyding van die Voortrekkermonument
- **1952** – Van Riebeeckfees in Kaapstad
- **1959** – Dr. J. de V. Heese - derde Hoofleier
- **1961** – Voortrekkers betrokke by inhuldiging van die eerste staatspresident, adv. C.R. Swart, met Republiekwording
- **1966**
  - Mnr. J.F.P. Bodenhorst - vierde Hoofleier
  - Eerste Presidentsvaandel ontvang toekenning van die staatspresident
- **1972** – Betrokke by inwyding van die Bloedriviermonument
- **1975** – Betrokke by inwyding van Taalmonument in die Paarl
- **1981**
  - Mnr. B.H. Bodenhorst - vyfde Hoofleier
  - Prof. C.W.H. Boshoff - sesde Hoofleier
- **1988** – Betrokke by Diazfees, Hugenotefees, die herdenking van die Groot Trek
- **1989** – Ds. J.P.L van der Walt - sewende Hoofleier
- **1991**
  - Voortrekkers 60 jaar oud
  - Voortrekkerfeeste word landswyd gehou
- **1997** – Prof. T.P. Dreyer - agtste Hoofleier
- **1998** – Eerste nasionale Verkennerkongres o.l.v prof. Piet Strauss
- **2001**
  - Prof. P.J. Strauss - negende Hoofleier
  - ABO herdenkingsfees
- **2005** – Eerste multi-kulturele Verkennerkongres o.l.v AHL Magdel Rossouw
- **2006** – Voortrekkers vier 75-jarige fees landwyd

Meer inligting

Alhoewel dr. C.F. Visser reeds in 1913 begin planne maak het vir die stigting van 'n Afrikaanse jeugbeweging, het dit eers in 1920 tot uitvoer gekom. Die eerste Kommando is in Bloemfontein gestig, aan die skool wat vandag die Sentrale Hoërskool is. Heeltemal losstaande hiervan het mnr. Japie Heese in 1923 ook 'n kommando op Graaff-Reinet gestig en mnr. De Wet Laubscher een op Nieuwoudtville.

In hierdie tyd begin daar onderhandelinge met die Boy Scouts om te probeer om 'n gemeenskaplike basis vir een enkele jeugbeweging te vind. Hierdie pogings, wat verskeie jare lank duur, stort elke keer in duie oor kwessies soos die vlag, belofte en amptelike taal vir so 'n gesamentlike beweging.

Op 30 September 1931 word Die Voortrekkers eindelik amptelik gestig, en lyf die destydse Eerste Minister, genl. J.B.M. Hertzog die eerste Voortrekkers in Bloemfontein in. Aangesien dr. C.F. Visser verantwoordelik was vir die stigting en die naam van ons jeugbeweging staan hy bekend as Vader Visser, die Vader van Die Voortrekkers.

Dr. N.J. van der Merwe word in 1931 as die eerste Hoofleier van Die Voortrekkers verkies.

Onder sy leierskap (tot 1940) beleef Die Voortrekkers hul eerste groot openbare optrede met die landswye fakkellope van 1938. Dit het groot luister verleen aan die hoogtepunt, die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria.

In 1940 word dr. C.F. Visser die volgende Hoofleier. In 1949 word die Voortrekkermonument in Pretoria voltooi en feestelik ingewy en Die Voortrekkers het 'n groot aandeel in die verrigtinge. In 1952, met die Van Riebeeckfees in Kaapstad, speel Die Voortrekkers ook 'n belangrike rol.

In 1959 word dr. J. de V. Heese, wat sedert die stigting van Die Voortrekkers die hoofsekretaris was, die nuwe Hoofleier. Met die Republiekwording in 1961 is Die Voortrekkers betrokke by die inhuldiging van ons land se eerste staatspresident, adv. C.R. Swart.

Mnr. J.F.P. Badenhorst word in 1966 Hoofleier. In dieselfde jaar neem Die Voortrekkers deel aan die landwye Republiekfees. Hier word die balkies van die eerste Presidentverkenners deur die staatspresident aan hulle oorhandig. In 1972 is Die Voortrekkers teenwoordig toe die nuwe monument by Bloedrivier ingewy word en in 1975 speel Die Voortrekkers ook 'n groot rol in die taalfeeste en inwyding van die Taalmonument te Paarl.
In 1981 sterf Hoofleier J.F.P. Badenhorst onverwags. Die hoofbestuur verkies op 10 Julie 1981 mnr. B.H. Badenhorst, die vorige hoofsekretaris, tot Hoofleier. By die kongres op 15 Julie 1981 word prof. C.W.H. Boshoff as die volgende Hoofleier verkies.

In 1988 neem Die Voortrekkers aan drie groot feeste deel: die Diazfees, die Hugenotefees en die herdenking van die Groot Trek.

By die kongres in 1989 tree prof. Boshoff uit en word ds. J.P.L. van der Walt in sy plek as Hoofleier verkies. In 1991 kon Die Voortrekkers landswyd fees vier omdat ons jeugbeweging 60 jaar oud was. Ds. Van der Walt tree op sy beurt in 1997 uit en word deur prof. T.P. Dreyer as Hoofleier opgevolg.

In 2001 word prof. Dreyer opgevolg deur prof. P.J. Strauss wat tans nog dien as ons Hoofleier.

Die jaar 2006 verdien besondere vermelding omdat ons beweging sy 75^{e} bestaansjaar vier! Om hierdie spesiale geleentheid te vier, het Die Voortrekkers 'n verjaarsdag feeskamp gereël waarheen alle huidige en oudlede sowel as ondersteuners van Die Voortrekkers, genooi was. Die beste plek vir hierdie fees was vanselfsprekend Pretoria. Jy was bevoorreg om deel te kon vorm van hierdie gebeurtenis!

Dit is interessant om te weet wie almal tot dusver bereid was om as hoofbeskermhere en vroue van die Voortrekkerbeweging op te tree:
Graaf Clarendon (goewerneur-generaal)
Sir Patrick Duncan (goewerneur-generaal)
Dr. E.G. Jansen (goewerneur-generaal)
Mev. M.M. Jansen (vrou van dr Jansen)
Mnr. C.R. Swart (eerste staatspresident)
Mev. B. Verwoerd (vrou van Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd)

Mnr. M. Viljoen (staatspresident)
Mnr. P.W. Botha (staatspresident)
Mnr. F.W. de Klerk (staatspresident)

Tans het Die Voortrekkers nie 'n amptelike beskermheer nie.